

22 November

Matteus 8:18-27; (Teks: 8:26)

Genoegsame geloof wat altyd gereed is

Die dissipels was bereid om Jesus te volg (8:19, 22, 23) sonder om die werklike implikasies daarvan te besef. Toe 'n geweldige storm op die see van Galilea losbars word hulle duidelik onverhoeds gevang. Hulle geloof was nie sterk genoeg om hierdie krisis te hanteer nie; in werklikheid was dit kleiner as die krisissituasie. Ons sien dit veral in die vraag van Jesus as Hy na hulle "kleingeloof" (8:26) verwys, voordat Hy nog die storm laat bedaar het. Geloof was nie totaal afwesig nie; hulle het immers sy hulp kom vra. Dit was egter nie voldoende nie. Luister na hulle angstige noodkreet (8:25): "Here, red ons (dadelik!)". Kleingeloof is ongeduldig en moet dadelik gehelp word. Kleingeloof is ook verbaas ("verwonderd" - 8:27) as daar "onverwagse" uitkoms is.

Dit is ook duidelik dat hulle nie vir hierdie situasie gereed was nie. As ervare seemanne word hulle totaal onkant gevang as hulle Hom op die onvoorspelbare see van Galilea volg. Lukas (8:25) beskryf ook hierdie gebeurtenis en haal Jesus aan waar Hy vir hulle vra: "Waar is julle geloof?" Dit dui op geloof wat beslis nie byderhand en gereed was vir hierdie krisis nie! As hulle miskien maar net genoeg tyd gehad het om hierdie situasie rustig te kon oordink, kon dit dalk so anders gewees het. Dit situasie het vinnige geloofsoptrede vereis waaraan hulle nie dadelik (8:25) kon voldoen nie.

Ons bevind ons ook dikwels in die storms van die lewe. Kan jy dit hanteer? Is jy gereed as dit met jou gebeur? Onverwags en oorweldigend kan krisisse opduik. Hoe sou jou reaksie wees. Waar woed die grootste storm dan? In jou hart of in die situasie? Onthou: Ons krag en sekerheid lê by 'n Vader wat altyd in beheer is, ook in die storms en krisisse van ons lewe. In elke situasie is Hy gereed en byderhand, "soos 'n skaduwee aan jou regterhand" (Ps. 121).

Sing: Psalm 93:2-4

Ds. D.P.J. Erasmus (Jeffreysbaai)